Republikein
Jou land. Jou taal. Jou koerant.
Argiewe: Soek
2.11.2012
Nuusbrekers, videonuus en el

Republikein

29.10.2012

Mediese studente skenk vir naskoolse program

Hier is mediese studente André de Jager en Matti Kandjimi wat die skenking namens Unam se mediese fakulteit aan een van die RC se onderwysers, me. ChristinaJansen, oorhandig het. Saam met hulle is die jong leerlinge Siska Hambeka en Milco Solonga.

Die Universiteit van Namibië se mediese fakulteit het onlangs komberse, toiletware en klere geskenk aan die Resource Centre (RC), 'n naskoolse program wat by die Sekondêre Skool Jacob Marengo in Katutura byeenkom.

Die RC voorsien ondersteuning vir vroeë kinderontwikkeling, vir primêre onderwys en leiding in lewensvaardighede vir kinders tussen 4 en 14 jaar oud. Die sentrum is in 2008 deur die Namibiese Vrouevereniging (NAWA) gestig en is deesdae 'n gesamentlike projek van NAWA, die Internasionale Vrouevereniging in Namibië (IWAN), die Sekondêre Skool Jacob Marengo, die internasionale nie-winsgewende organisasie Score, die Sekondêre Skool Jan Möhr se kinderbeweginggroep, die Katutura Gemeenskap Kunssentrum en die RC se ouerkomitee.

Elke organisasie kom minstens een keer per week byeen om kinders met leeswerk, drama, sport, kuns, huiswerk en ook tuinwerk te help.

NAWA en IWAN hoop om in die toekoms meer kinders by die RC te akkommodeer en om die program van 'n meer permanente gebou te voorsien. NAWA het 'n stuk grond langs die skool bekom en IWAN het reeds geld gekry vir tekeninge en voorbereidingswerk op die terrein. Die vennote het egter nog geld nodig om die projek te realiseer.

Vir meer inligting oor IWAN se werksaamhede of om 'n bydrae te lewer, besoek iwan.com. na of kontak me. Rachel Schmidt van die organisasie by PressRep@iwan. com.na.